Verslagwaardig: Ja / ~~Nee~~
Sirkuleer aan Regters: ~~Ja~~ / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / ~~Nee~~

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(Noord Kaapse Afdeling)

Saakno: 212/2002
Datum Verhoor: 2003/09/13
Datum Gelewer: 2003-09-15

In die saak van:

**MINISTER VAN VEILIGHEID & SEKURITEIT**
**APPLIKANT**

*versus*

**WILLIAM MARK DELPORT N.O. EERSTE RESPONDENT**
**YVONNE SELEMOGO TWEEDE RESPONDENT**

Coram: **KGOMO RP *et* MAJIEDT R**

# — UITSPRAAK —

**MAJIEDT R:**

1. Die applikant nader hierdie Hof vir die hersiening en tersydestelling van 'n bevel van die 1ste respondent ('n streekhoflanddros) waarvolgens 'n motorvoertuig waarop die polisie beslag gelÍ het, terug besorg moet word aan die persoon van wie hulle dit ontvang het (die *bona fide*-besitter), te wete die 2de respondent. Die applikant vra verder dat hierdie voormelde bevel vervang moet word met 'n bevel dat die betrokke motorvoertuig aan die Staat verbeurd verklaar word.

2. Die 2de respondent het aanvanklik die aansoek bestry en het antwoordende stukke geliasseer, maar sy het nou haar opponering van die aansoek teruggetrek. Die 1ste respondent bestry nie die aansoek nie en berus hom by

hierdie Hof se beslissing. Hy het egter redes geliasseer ter ondersteuning van sy bovermelde bevel, daarom is dit na my mening nodig om 'n volledige uitspraak hierin te lewer.

3.1 Die polisie het op 30 Maart 2000 beslag gelÍ op 'n wit VW Golf Chico motorvoertuig wat toe in die besit van die 2de respondent was.

3.2 Uitgebreide ondersoeke deur die polisie het aan die lig gebring dat dié betrokke motorvoertuig se enjin- en onderstelnommers vervals is. Die bepaalde nommers aangebring op die motorvoertuig behoort aan twee ander VW-motors. Die 2de respondent se registrasiedokumente ten aansien van die voormelde nommers van die enjin en onderstel van die motorvoertuig stem ooreen met die vervalste nommers op die voertuig aangebring.

3.3 Die persoon van wie die 2de respondent hierdie motorvoertuig aangekoop het, ene mnr. Cindi, 'n handelaar in gebruikte motors, is van diefstal van die motorvoertuig aangekla in die Streekhof, by welke verhoor die 1ste

respondent voorgesit het. Die 1ste respondent het 'n aansoek om ontslag van mnr. Cindi ingevolge die bepalings vervat in art 174 van die Strafproseswet toegestaan na afloop van die Staatsaak. Hy het toe ook die bevel wat die onderwerp vorm van hierdie hersiening, gemaak.

Die feite hierinvantevore vermeld is nie betwis op die stukke nie. Die 2de respondent het haar aanvanklike opponering van die aansoek daarop geskoei dat sy nie bewus was daarvan dat die enjin- en onderstelnommers vervals was nie, dat sy 'n *bona fide*-besitter van die motorvoertuig was en dat sy die koopprys al gedeeltelik vereffen het.

4. Die landdros se redes vir sy bevel kom grootliks daarop neer dat:

4.1 daar nooit tydens die strafverhoor deur die Staat getuienis aangebied is dat die betrokke motorvoertuig van 'n bepaalde persoon gesteel was nie;

4.2 'n herboude motorvoertuig op die Staat se getuienis wel

geregistreer kan word;

4.3 die beslissings in **Mdunge v Minister of Police & another 1988(2)SA 809 (N)** en in **Minister van Wet en Orde v Datnis Motors (Midlands) 1989(1)SA 926 (A)** sy bevel ondersteun.

5. Die tersaaklike wetsbepalings hierin is artikels 33 en 34 van die Strafproseswet. Artikel 33 lees as volg:

> (1) Indien strafregtelike verrigtinge in verband met 'n in artikel 30 (c) bedoelde voorwerp ingestel word en so 'n voorwerp by die verhoor vir die doeleindes van bewyslewering of vir die doeleindes van 'n hofbevel nodig is, moet die polisiebeampte belas met die ondersoek, behoudens die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel, daardie voorwerp oorhandig aan die klerk van die hof waar bedoelde strafregtelike verrigtinge ingestel word.

(2) Indien dit weens die aard, omvang of waarde van die betrokke voorwerp ondoenlik of onwenslik is dat die voorwerp ooreenkomstig subartikel (1) aan die klerk van die hof oorhandig word, kan die klerk van die hof die polisiebeampte belas met die ondersoek aansÍ om die voorwerp in polisiebewaring of die ander bewaring wat ooreenkomstig artikel 30 (c) bepaal is, te hou.

(3)(a) Die klerk van die hof moet 'n voorwerp wat ingevolge subartikel (1) ontvang is in veilige bewaring plaas, waarby inbegrepe is die inbetaling van geld by 'n amptelike bankrekening indien sodanige geld nie by die verhoor vir die doeleindes van bewyslewering nodig is nie.

(b) Waar die betrokke verhoor voortgesit moet word in 'n ander hof as die hof waarvan bedoelde klerk die klerk van die hof is, moet bedoelde klerk van die hof-

(i) 'n voorwerp wat ingevolge subartikel (1) ontvang is, behalwe geld wat kragtens paragraaf (a) van hierdie subartikel by 'n bankrekening inbetaal is, aan die klerk van die hof of, na gelang van die geval, die griffier van die hof waarin die verhoor voortgesit moet word, oorplaas, en so 'n klerk of griffier van die hof plaas so 'n voorwerp in veilige bewaring;

(ii) in die geval van 'n voorwerp wat in polisiebewaring of in ander bewaring ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) gehou word of in die geval van geld wat ingevolge paragraaf (a) van hierdie subartikel by 'n bankrekening inbetaal is, die klerk of griffier van sodanige ander hof van die feit van sodanige bewaring of sodanige inbetaling, na gelang van die geval, in kennis stel.

Artikel 34 se bepalings lui:

(1) Die regter of regterlike amptenaar wat by strafregtelike verrigtinge voorsit, moet by beëindiging van daardie verrigtinge, maar behoudens die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet waarkragtens enigiets verbeur kan of moet word, 'n bevel gee dat 'n in artikel 33 bedoelde voorwerp-

(a) aan die persoon teruggegee word van wie dit in beslag geneem is, indien so 'n persoon daardie voorwerp wettiglik mag besit; of

(b) indien so 'n persoon nie op die voorwerp geregtig is of die voorwerp nie wettiglik mag besit nie, aan 'n ander persoon wat daarop geregtig is, teruggegee word, indien daardie persoon die voorwerp wettiglik mag besit; of

(c) indien geen persoon op die voorwerp geregtig is of indien geen persoon die voorwerp wettiglik mag besit nie of, indien die persoon wat daarop geregtig is, nie opgespoor kan word nie of onbekend is, aan die Staat verbeur word.

(2) Die hof kan, vir die doeleindes van 'n bevel ingevolge subartikel (1), die bykomende getuienis, hetsy by beëdigde verklaring of mondeling, aanhoor wat hy goedvind.

(3) Indien die betrokke regter of regterlike amptenaar nie by beëindiging van die betrokke verrigtinge 'n bevel ingevolge subartikel (1) gee nie, kan so 'n regter of regterlike amptenaar of, indien hy nie beskikbaar is nie, 'n ander regter of regterlike amptenaar van die betrokke hof, te eniger tyd na beëindiging van die verrigtinge so 'n bevel gee, en te dien einde die bykomende getuienis, hetsy by beëdigde verklaring of mondeling, aanhoor wat hy goedvind.

(4) 'n Bevel ingevolge subartikel (1) of (3) gegee, kan opgeskort word hangende 'n appËl of hersiening.

(5) Waar die hof 'n bevel ingevolge paragraaf (a) of (b) van subartikel (1) gee, is die bepalings van artikel 31 (2) mutatis mutandis van toepassing met betrekking tot iemand ten gunste van wie so 'n bevel

gegee word.

(6) Indien die omstandighede dit vereis of indien die betrokke strafregtelike verrigtinge om enige rede nie afgehandel kan word nie, kan die betrokke regter of regterlike amptenaar 'n in paragraaf (a), (b) of (c) van subartikel (1) bedoelde bevel in enige stadium van die verrigtinge gee.

6. Die Mdunge-saak, *supra*, bied hoegenaamd nie steun vir die landdros se bevinding nie. In daardie saak het die applikant suksesvol aansoek gedoen vir teruggawe van die voertuig waarop beslag gelÍ is. Thirion R se *ratio decidendi* verskyn te 813 C-D:

"The situation then is that Datnis Motors, the true owner of the Econobus, has failed to lay claim to it. It has failed to do so with full knowledge of the known facts and despite the fact that more than a year has passed since it was informed that the vehicle had been recovered."

en te 813 H-I:

"Therefore, although, when the Econobus was seized from the applicant, he may not have had lawful possession of it, he may now lawfully possess it and therefore he is entitled to have it restored to

him as the person from whom it was seized - all the requirements of s 31(1)(a) having been complied with.”

Die Mdunge-saak is gevolglik duidelik onderskeidbaar van die onderhawige geval wat beide die reg en die feite aanbetref.

6. In die Datnis Motors-saak, *supra*, het dit gegaan oor die toepassing van die bepalings vervat in art 31(1) van die Strafproseswet en die beskikking oor motorvoertuie waarop die polisie beslag gelÍ het en waar geen strafregtelike verrigtinge ingestel is nie. *In casu* is die bepalings van art. 34 van toepassing, maar die betrokke artikel se bepalings stem grootliks ooreen met dié van art. 31(1). Van Heerden AR lÍ in dié beslissing die volgende beginsel neer te 933 I-J:

“In besonder is betoog dat indien 'n persoon 'n voorwerp soos 'n voertuig te goeie trou bekom, die polisie daarna ingevolge art 20 van die Wet daarop beslag lê en dit dan tot sy wete kom dat dit steeds 'n gesteelde voorwerp is, hy nie in wettige besit daarvan kan wees indien dit aan hom terugbesorg word nie.

Na my mening is hierdie betoog gegrond”

Op 933 F-H verklaar die geleerde appélregter as volg:

“Dit volg dus dat ooreenkomstig art 31(1) die voorwerp teruggegee moet word aan die persoon van wie dit in beslag geneem is tensy sy besit daarvan wederregtelik sal wees.

Gevalle waarin daardie persoon volgens 'n wetsbepaling nie die betrokke voorwerp mag besit nie, of dit nie mag doen sonder 'n vergunning, soos 'n permit, waaroor hy nie beskik nie, lewer geen probleme op nie. In sodanige gevalle sou sy besit van die voorwerp klaarblyklik wederregtelik wees indien dit aan hom teruggegee word. “

7. Artikel 68(6) van die Nasionale Padverkeerswet, 93 van 1996 bepaal as volg::

(6) Niemand mag-

(a) die enjin- of onderstelnommer van 'n motorvoertuig vervals, vervang, verander, ontsier, skend, iets daarby voeg of iets daarvan verwyder of op enige ander wyse daarmee peuter met die doel om te bedrieg nie; of

(b) sonder 'n wettige rede in besit wees nie van 'n motorvoertuig waarvan die enjin- of onderstelnommer vervals, vervang, verander, ontsier of geskend is, of waarby enige iets gevoeg is, of waarvan enigiets verwyder is of waarmee op enige ander wyse gepeuter is.

Ek is dit met Mnr. Botha, wat namens die applikant verskyn, eens dat art. 68(6) 'n wetsbepaling daarstel soos bedoel deur Van Heerden AR in die aangehaalde passasie te 933 F-H, met die gevolg dat die 2de respondent se besit van die motorvoertuig 'n onwettigheid daar sou stel.

Die Datnis Motors-saak bied dus eweneens geen steun vir die landdros se bevel nie.

8.1 Artikel 68(6)(b) van Wet 93 van 1996 bied verder 'n deurslaggewende bykomende rede waarom die landdros se bevel regtens onontvanklik is. Dit staan onbetwis dat die betrokke motorvoertuig se enjin- en onderstelnommers vervals en/of vervang en/of verander

is. Die 2de respondent kan gevolglik nie sonder "'n wettige rede" in besit wees van die motorvoertuig nie. Ek kon nie op regspraak afkom waar hierdie artikel en meer bepaald die begrip "wettige rede" bespreek en/of beslis is nie. Die redes aangevoer deur die 2de respondent waarom die voertuig aan haar teruggegee moet word, en soos weergegee in par. 3.3 hierbo, kan na my mening nie aangemerk word as ''n wettige rede" nie. Nog minder kan die 1ste respondent se bevel hierin aangemerk word as "'n wettige rede", soos wat die 2de respondent aanvanklik aangevoer het in haar antwoordende eedsverklaring. Sodanige "wettige rede" slaan eerder op 'n wettige rede waarom die betrokke voertuig se enjin- en onderstelnommers "vervals, vervang, verwyder, ontsier of geskend is, of waarby enigiets gevoeg is, of waarvan enigiets verwyder is of waarmee op enige ander wyse

gepeuter is". Aan die einde van die dag is die vraag wat beantwoord moet word of die 2de respondent se besit van die betrokke motorvoertuig wederregtelik of strafregtelik onregmatig sal wees en of sodanige besit 'n element van 'n misdryf daar sal stel.

Sien **Minister van Wet en Orde v Erasmus en 'n ander 1992(3)SA 819 (A)** te 825 A-D.

Na my mening is die antwoord op die voormelde vraag, gegewe die bepalings van art. 68(6)(b) 'n klinkklare "ja".

8.2 Die ondersoekbeampte, Inspekteur Labuschagne, het getuienis gelewer dat in omstandighede waar 'n voertuig wat as gesteel aangemeld is, teruggevind word en daar is met die onderstel- en enjinnommers gepeuter, word 'n SAPVIN-nommer uitgereik aan sodanige voertuig. Só 'n geval soos voorgehou deur Inspekteur Labuschagne, kan

myns insiens byvoorbeeld "'n wettige rede" soos bedoel in art 68(6)(b), daarstel.

8.3 Die Engelse teks van die betrokke wetsbepaling verwys na "without lawful cause". Hierdie frase is na my mening analoog aan "without lawul authority" en aan "without lawful excuse". In **R v Lacey 1951(2) SA 48 (N)** te 53 B is beslis dat "without lawful authority" beteken "unlawful". In 'n aantal beslissings van die destydse Suid-Rhodesiese howe is insgelyks beslis dat die woorde "without lawful excuse" in die bepalings van die **Law and Order (Maintenance) Act** van 1960 (Suid-Rhodesië) beteken "unlawful".

Sien: **R v Madanhe 1963(3) SA 482 (S.R.)** te 484 H – 485 H;

**R v Muchina 1963(4) SA 201 (S.R.)** te 203 A-B;
**R v Jessie 1965(1) SA 325 (S.R., A.D.)** te 327 A-C.

Hierdie voormelde uitleg soos aangewend in die aangehaalde sake ondersteun na my mening my siening dat "sonder 'n wettige rede" beteken "nie onwettig nie" in artikel 68(6)(b).

9. Dit val 'n mens dadelik op dat die 1ste respondent in sy redes hoegenaamd nie melding maak van die voormelde bepalings van art. 68(6) nie. Die afleiding is onafwendbaar dat hy glad nie daarop ag geslaan het nie, vandaar sy misplaaste beroep op die Mdunge- en Datnis Motors-sake, *supra*. Ek is verder die mening toegedaan dat Mnr. Botha korrek is in sy submissie dat dit nie nodig is by die toepassing van art. 68(6)(b) se bepalings dat 'n applikant wat 'n bevel aanvra kragtens die bepalings van art. 34(1)(c) van die Strafproseswet, hoef te bewys dat die betrokke motorvoertuig gesteel was of steeds is huidiglik

nie.

Die blote teruggawe van die motorvoertuig aan die 2de respondent en die besitneming daarvan deur haar sou die 2de respondent aan 'n misdryf skuldig maak ingevolge art. 68(6)(b) saamgelees met art. 89(1) en 89(6) van Wet 93 van 1996.

10. Gevolglik is die 1ste respondent se bevel hersienbaar en behoort dit tersyde gestel te word.

11. Ek sou die volgende bevel uitreik:

**A. Die 1ste respondent se bevel verleen op 4 Maart 2002 in saak RCO 113/2000 en wat lees: *"In terme van artikel 34 van Wet 51 van 1977 dat die motorvoertuig waarop die polisie beslag gelê het, terugbesorg word aan die persoon waar hulle dit ontvang het (bona fide besitter)"* word hersien en tersyde gestel en word vervang met**

**die volgende bevel: *"Die motorvoertuig, wit VW Golf Chico met registrasienommer BFL 294 NC word aan die Staat verbeurd verklaar".***

**B. Elke party betaal sy eie regskoste.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam en dit word aldus gelas.**

____________

**FD KGOMO**

**REGTER-PRESIDENT**